

11 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:14-17 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13

Jy kan ontsaglik baie beteken vir broers en susters!

Job het toegepas wat ons so pas gelees het! Lees gerus ook Job 1:5. Ons wat “weet dat ons die ewige lewe het” (1 Joh 5:13), word opgeroep om mekaar te hulp te kom, deur voorbedding te doen oor sonde wat gelowiges van die “lewe” beroof. Volgens 1 Johannes 1:2-3 is hierdie “lewe” ‘n intieme, persoonlike verhouding met God! Dié kosbare verhouding word vernietig deur die sonde wat skeiding bring tussen ons en Hom (Jes 59:1-2).

Letterlik staan daar: “As iemand sien dat sy broer ‘n sonde sondig wat nie tot die dood is nie, moet hy vra en Hy [God] sal hom die lewe gee...” Die “vra” is nie ‘n terloopse vraag nie, maar vra soos ons in Filippense 4:6 leer: “...deur gebed en smeking...”

Ons bid dat sondes wat nie tot die dood lei nie, vergewe sal word. Sonde wat tot die dood lei, is die sonde teen die Heilige Gees en kan nie vergewe word nie (Matt 12:31)! Dit is die sonde om die Here Jesus se verlossingsdaad te bly verwerp.

God belowe dat Hy in antwoord op ons gebed die “lewe” sal gee aan hulle vir wie ons bid. Let wel, “lewe” en nie “ewige lewe nie” – dit gaan nie hier oor redding nie. Die lewe waarvan hier gepraat word, is die “lewe in oorvloed” wat die Here Jesus gebring het (Joh 10:10), die lewe wat op hierdie aarde al begin. Kom ons hou op om “Ooe!” en “Aaa!” te skinder oor ons broers en susters se sonde en begin vir hulle voorbedding doen by God! Dit is wat ons Here Jesus ook doen (Heb 7:25).

Sing: Psalm 32:1,6 Ds HJ Prinsloo (Derdepoort)